

Woensdag 26 Julie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:17-22

Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:22; HK Sondag 26, Antwoord 70

Die minagting van die doop

Die belofte wat Christus by ons doop aan ons gee, word duidelik in die belydenis aangedui. God eis egter van ons deur die doop om soos gedooptes in gehoorsaamheid aan Hom te lewe. In die lig hiervan ontstaan die vraag: Hoe moet die optrede van ongehoorsames en verbondsverbrekers beoordeel word? Met verbondsverbrekers word bedoel verbondskinders wat wel gedoop is, maar later tog geen waarde aan hulle doop heg nie, sodat hulle in die sonde bly lewe. Wat van hulle? Was die doop by hulle 'n vergissing? Was dit nie 'n verseëling van God nie? Was die toesegging wat aan hulle gemaak is, nie werklik bedoel nie?

Ons antwoord hierop dat hulle doop *geen* vergissing was nie. Ook hulle doop was 'n verseëling van God. Die toesegging wat aan hulle gemaak is, was werklik bedoel. Hierdie mense het egter die beloftes van genade wat aan hulle gemaak is, verwerp.

Dit beteken egter nie dat hulle nou van hulle doop losgekome en die betekenis daarvan gekanselleer het nie. Nee, omdat hulle op dié wyse God verwerp, het die doop vir hulle 'n teken van oordeel geword wat om God se verbonds-wraak roep. Net soos 'n mens 'n oordeel oor jouself kan eet en drink by die nagmaal, so kan jy tot jou oordeel gedoop wees as jy die God van jou doop nie in geloof en liefde aanneem en lewe volgens sy geboorte nie.

Petrus vergelyk hierdie mense met 'n vark (*sog*) wat gewas is, maar daarna weer in die modder gaan rol het (1 Pet. 2:22). Sy bedoeling met hierdie beeld is duidelik. 'n Vark is van nature vuil en hou daarvan om in die modder te rol. So is die mens ook van nature innerlik vuil en onrein vanweë die sonde.

Van die vark word nou gesê dat sy skoon gewas is. So is dit ook met die gedoopte verbondskind: hy is gewas van al sy sondes deur die bloed van Christus. Van die vark word verder gesê dat sy, nadat sy gewas is, weer in die modder gaan rol het. Dit is wat, figuurlik gesproke, ook met mense soos Esau en Demas gebeur het. Hulle was mense wat die teken en seël van die verbond ontvang het, maar tog daarna die rug op God gedraai het.

Daarmee kom hulle egter nie los van hulle doop nie, want nou is Hebreërs 10:28 op hulle van toepassing: Die mense wat die wet van Moses oortree het, is reeds swaar gestraf. "Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het, en die Gees van genade beledig het?" Mag God ons daarteen beskerm.